“**leunwa**” beteken ’n sleepwa wat geen vooras het nie en aldus ontwerp is dat minstens 15 persent van sy tarra op die voertuig wat so ’n sleepwa trek, rus en daardeur gedra word;

“**motorvoertuig**” beteken enige selfaangedrewe voertuig en ook —

- (a) ’n sleepwa; en
- (b) ’n voertuig met pedale en met ’n enjin of ’n elektriese motor as ’n integrale deel daarvan of daaraan geheg en wat ontwerp of aangepas is om deur middel van sodanige pedale, enjin of motor, of sodanige pedale sowel as sodanige enjin of motor aangedryf te word, maar nie ook—
 - (i) ’n voertuig wat aangedryf word, deur elektriese krag verkry uit opgaarbatterye en wat deur ’n voetganger beheer word nie;
 - (ii) ’n voertuig met ’n massa van hoogstens 230 kilogram wat spesiaal ontwerp en gebou, en nie net aangepas is nie, vir gebruik deur iemand wat aan die een of ander liggaamlike gestremdheid of ongeskiktheid ly en wat uitsluitlik deur sodanige persoon gebruik word.

“**munisipale gebied**” sluit in die regsgebied van Stellenbosch Munisipaliteit soos bepaal ingevolge die **Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbekeningwet, 1998 (Wet 27 van 1998)**.

“**munisipaliteit**” beteken die Munisipaliteit van Stellenbosch gestig ingevolge **artikel 12** van die **Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet 117 van 1998)**, soos gepubliseer in **Provinsiale Kennisgewing 5642** van **4 Desember 2000** en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid, of enige werknemer daarvan wie, handel ingevolge hierdie verordening uit hoofde van ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan gemelde politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid, of werknemer.

“**Munisipale Bestuurder**” beteken ’n persoon aangestel ingevolge **artikel 82** van die **Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet 117 van 1998)**.

“**openbare ruimte**” beteken enige plein, park onstpanningsterrein, sportterrein, sanitêre steeg of oopruimte wat —

- (a) in verband met enige onderverdeling of aanleg van grond in erwe, voorsien, gereserveer of afgesonder is vir gebruik deur die publiek of die eienaars of okkupeerders van sodanige erwe ongeag of dit op ’n algemene plan, onderverdelingsplan of diagram aangetoon word al dan nie; of
- (b) ter eniger tyd aan die publiek opgedra is; of
- (c) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir ’n tydperk van 30 jaar; of
- (d) ter eniger tyd deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid tot sodanig verklaar of gemaak is.

“**parkeer**” beteken om ’n voertuig, met of sonder insittendes, langer te laat stilhou as wat redelikerwys nodig is om persone of goedere op of af te laai, maar nie ook die stilhou van ’n voertuig weens ’n rede buite beheer van die persoon in beheer van daardie voertuig nie.

“**parkeerterrein**” beteken enige grond wat deur die munisipaliteit voorsien word vir parkeer doeleindes.

“**Raad**” verwys na die munisipale raad van Stellenbosch Munisipaliteit.

“**sleepwa**” verwys na ’n voertuig wat nie selfgedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur ’n motorvoertuig getrek te word, maar nie ook ’n syspan wat aan ’n motorfiets geheg is nie.

“**straat**” beteken enige straat, pad, fietspad, of deurgang of enige ander plek, insluitend —

- (a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang; of
- (b) enige voetpad, sygaardjie of soortgelyke voetgangergedeelte van ’n padreserwe; of
- (c) enige brug, pont of drif waaroor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop; of

- (d) enige ander voorwerp wat deel uitmaak van sodanige pad, straat of deurgang, wat ter enige tyd —
- (i) aan die publiek opgedra is, of
 - (ii) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir 'n tydperk van minstens 30 jaar; of
 - (iii) deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid tot sodanige gebied verklaar of gemaak is; of
 - (iv) deur 'n plaaslike owerheid aangelê is, of
 - (v) enige grond, met of sonder geboue of strukture daarop, wat as 'n straat aangetoon word op —
 - (aa) enige ondervelingsplan of diagram deur die munisipaliteit of ander bevoegde owerheid goedgekeur en waarvolgens gehandel is, of
 - (bb) enige algemene plan soos omskryf in **Opmetingswet, 1997 (Wet 8 van 1997)**, wat in 'n registrasiekantoor of die Landmeter-Generaal se kantoor geregistreer is of gebêre word, tensy sodanige grond op sodanige plan of diagram as 'n private straat beskryf word.

“**sypaadjie**” beteken die gedeelte van 'n straat wat bedoel is vir die gebruik van voetgangers.

“**tarra**”, met betrekking tot 'n motorvoertuig, beteken die massa van so 'n voertuig wanneer dit gereed is om op 'n pad te gaan en ook die massa van —

- (a) enige noodwiel en van alle ander toebehore en toerusting wat deur die vervaardiger as standaard vir die besondere model van die betrokke motorvoertuig verskaf word;
- (b) enigiets wat 'n permanente deel van die struktuur van so 'n voertuig is;
- (c) enigiets wat aan so 'n voertuig geheg is sodat dit 'n struktuurverandering van 'n permanente aard uitmaak; en
- (d) die opgaarbattery, indien so 'n voertuig deur elektriese krag selfgedrewe is, maar sluit nie ook die massa van die volgende in nie ;
 - (i) brandstof; en
 - (ii) enigiets wat aan die voertuig geheg is en nie van die aard is wat in subartikel (a) tot (d) bedoel word nie;

“**voertuig**” beteken 'n toestel ontwerp of aangepas om hoofsaaklik op wiele, bande of rusperbande te loop en ook so 'n toestel wat met 'n trekstang van 'n insleepwa om enige of al die asse van 'n motorvoertuig wat geberg word, te ondersteun, behalwe so 'n toestel wat uitsluitlik op spore beweeg.

“**woonwa**” beteken enige voertuig wat permanent ingerig is vir gebruik deur persone vir woon of slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is al dan nie.

STRATE, SYPAADJIES EN OORSKRYDINGS OP STRATE

2. Niemand mag —

- (a) 'n straat of 'n sypaadjie bou, aanlê, heraanlê of verander nie; of
- (b) enige veranda, muur of 'n stoep, trappies of ander uitbreiding bou of 'n paal oprig in 'n straat of openbare plek nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

BALKONNE EN VERANDAS

3. Niemand mag—

- (a) 'n balkon of veranda wat verby die grenslyn van 'n straat of openbare plek opgerig is, gebruik vir die doel van handeldryf of die opberg van goedere, of vir die was of droogmaak van klere daarop nie; of
- (b) 'n balkon of veranda wat verby die grenslyn van 'n straat of openbare plek opgerig is of gedeelte daarvan as 'n woon of slaapvertrek omsluit of afskort;

behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

ADVERTENSIES SIGBAAR VANAF STRATE

4. Niemand mag 'n advertensie, aanplakbiljet, plakkaat of biljet in 'n straat of openbare plek vertoon nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

DIERE OF VOORWERPE WAT 'N VERSPERRING VEROORSAAK

5. Niemand mag —

- (a) toelaat dat diere in die strate beweeg sonder enige toesig; of
- (b) toelaat dat diere op sypaadjies beweeg sonder enige toesig en beheer; of
- (c) mag duld, toelaat of veroorsaak dat enige dier in of op enige straat of openbare plek wei of rondloop nie.

BOME IN STRATE

6. (1) Niemand mag —

- (a) 'n boom of struik in 'n straat of openbare plek plant nie; of
- (b) 'n boom of 'n struik op enige wyse in 'n straat of openbare plek afkap of daarvandaan verwyder nie; of

- (c) in 'n boom klim wat in 'n straat of openbare plek groei, of dit breek of beskadig nie; of
- (d) 'n boom wat in 'n straat of openbare plek groei, op enige wyse merk of beskilder; of
- (e) 'n advertensie daarop aanbring nie;

behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

- (2) 'n Boom of struik wat in 'n straat of openbare plek geplant word, word die eiendom van die munisipaliteit.

BOME OF GEWASSE WAT 'N HINDERNIS OF VERSPERRING VEROORSAAK

- 7. (1) Geen persoon sal —
 - (a) toelaat dat enige boom of ander gewas luggrade belemmer; of
 - (b) wat ergenis, skade, gevaar of ongerief veroorsaak vir persone wat 'n straat of openbare plek gebruik.
- (2) Die munisipaliteit mag 'n skriftelike kennisgewing dien op die eenaar of ookupeerder van sodanige eiendom wat die hindernis of verspering veroorsaak en gelas dat die eenaar van die sodanige boom of gewas wat die problem veroorsaak, gesnoei of verwyder word.
- (3) Iedereen wat in gebreke bly om te voldoen aan die bepalings van die kennisgewing wat ingevolge subartikel (2) uitgereik word, is skuldig aan 'n misdryf.
- (4) Indien iemand versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge hierdie subartikel (2), mag die munisipaliteit self die boom of gewas snoei of verwyder en die koste van die persoon aan wie die kennisgewing beteken is, verhaal.

VULLIS, MOTORVOERTUIGWRASSE, AFVALMATERIAAL, ENS.

- 8. Niemand mag —
 - (a) enige tuinvullis, motorvoertuigwrakke, onderdeel van voertuie, of afvalmateriaal, of enige ander afvalprodukte in 'n straat of openbare plek stort of laat lê of ophoop nie; of
 - (b) toelaat dat sodanige voorwerpe of stowwe vanaf 'n perseel waarvan hy die eenaar of okkupeerder is, in 'n straat of op 'n openbare plek gestort of geplaas word nie.

VERBOD OP SEKERE WERKSAAMHEDE IN VERBAND MET MOTORVOERTUIE OP STRATE OF OPENBARE PLEKKE

- 9. Niemand mag in 'n straat of openbare plek —
 - (a) 'n voertuig herstel of versien nie, behalwe waar dit nodig is om sodanige voertuig te kan verwyder; of
 - (b) 'n voertuig skoonmaak of was nie.

VERBOD OP SPELETJIES EN ANDER HANDELINGE IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

- 10. Niemand mag —
 - (a) speletjies speel in of op 'n straat of openbare plek nie, of vuurwerke laat afgaan, of klippe, takke, of ander voorwerpe gooi of plaas in 'n straat of openbare plek, wat 'n obstruksie sal veroorsaak vir motorvoertuie of voetgangers nie; of
 - (b) enigiets in 'n straat of openbare plek doen wat die lewe en die veiligheid van 'n persoon, dier of ding in gevaar stel of 'n oorlas, belemmering of ergeris vir die publiek veroorsaak nie.

VERVOER VAN ROMMEL EN AFVALSTOWWE DEUR STRATE EN OPENBARE PLEKKE

- 11. Niemand mag —
 - (a) afval, nagvuil, vullis, rommel, gruis of sand, vervoer in strate, tensy dit behoorlik bedek is nie; of
 - (b) aanstootlike vloeistowwe stort op strate of openbare plekke nie.

HEININGS OP STRAATGRENSE

- 12. (a) Niemand mag — 'n doringdraadheining, lemmetjiesdraadheining, geëlektrifiseerde heining of ander gevaarlike heining op die grens van 'n straat of openbare plek oprig nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.
- (b) genoemde aansoeke verwys in subartikel (a) moet op skrif verwys word na die Boubeheer Departement van die munisipaliteit.

BOUMATERIAAL IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

- 13. Niemand mag—
 - (a) oortollige boumateriaal stoor op strate en openbare plekke, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.
 - (b) genoemde aansoeke verwys in subartikel (a) moet op skrif verwys word na die Boubeheer Departement van die munisipaliteit.

PARKERING VAN SWAAR VOERTUIE, WOONWAENS, ENS. IN STRATE OF OPENBARE PLEKKE

- 14. (1) Niemand mag binne die munisipale gebied —
 - (a) 'n motorvoertuig met 'n tarra wat 3500 kilogram oorskry; of

- (b) 'n sleepwa; of
- (c) 'n leunwa.; of
- (d) 'n woonwa;

in 'n straat of openbare plek parkeer vir 'n ononderbroke tydperk wat twee uur oorskry nie, buiten op plekke wat vir sodanige voertuie geormerk is, met dien verstande dat die bepaling nie van toepassing is op die werklike op of aflaai van sodanige voertuig nie.

- (2) Wanneer 'n voertuig geparkeer is in stryd met subartikel (1), word daar, totdat die teendeel bewys word, vermoed dat sodanige voertuig geparkeer is deur die eenaar daarvan.

BESKERMING VAN STRAATOPPERVLAK EN OPENBARE PLEKKE

- 15. (1) Niemand mag —

- (a) 'n voertuig in 'n straat of openbare plek gebruik of toelaat dat dit daarin gebruik word indien sodanige voertuig in so 'n gebrekkige toestand is dat dit skade aan 'n straat of openbare plek sal veroorsaak of moontlik sal veroorsaak nie; of
- (b) enige werk onderneem, waardeur die oppervlakte van 'n straat of openbare plek verander, beskadig of gebreek word nie.

- (2) Indien die munisipaliteit 'n persoon identifiseer wat as gevolg van die handeling in subartikel (1) vermeld die oppervlak van 'n straat of openbare plek beskadig, gebreek of vernietig het, mag die munisipaliteit die herstelkoste, van die herstelwerk, van die oortreder verhaal.

SKADE AS GEVOLG VAN KONSTRUKSIE WERK

- 16. (1) Enige eenaar van grond waarop enige konstruksie werk 'gedoen word, is aanspreeklik vir enige skade wat aangerig is op enige straat of openbare plek in verband met die uitvoering van sodanige werk deur sodanige eenaar, sy werknemer of enige onafhanklike aannemer wat namens sodanige eenaar handel.

- (2) Wanneer enige werk wat op enige grond onderneem moet word, meebring dat voertuie oor randstene, sypaadjies of padrandte moet ry, mag die eenaar van sodanige grond nie 'n aanvang met enige sodanige werk maak of enige ander persoon toelaat om 'n aanvang daarmee te maak nie-

- (a) tensy die eenaar geskrewe goedkeuring van die munisipaliteit bekom het nie; en

- (b) 'n deposito van beraamde koste ten opsigte van vermeende herstelwerk van sodanige skade gedeponeer het by die munisipaliteit nie.

- (3) Na die voltooiing van sodanige werk mag die munisipaliteit self die herstel van enige gedeelte van sodanige straat of openbare plek wat deur sodanige werk beskadig is regstel en verreken die munisipaliteit die koste van sodanige herstelwerk teen sodanige deposito.

- (4) As sodanige koste minder is as die bedrag van die deposito, mag die munisipaliteit die saldo aan die deponeerder terug betaal, maar indien die bedrag van die deposito nie sodanige koste dek nie, is die eenaar aanspreeklik vir die verskil, wat betaalbaar word by die ontvangs van 'n rekening waarin die addisionele bedrag wat verskuldig is, aangetoon word.

- (5) Niemand behalwe 'n gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit mag by die vervulling van sy pligte strepe, woorde, tekens of advertensies op die oppervlak van 'n straat of openbare plek aanbring, wat beskadig was in die aktiwiteit genoem in subartikel (1) merk, verf of skilder nie.

BESKADIGING VAN KENNISGEWINGBORD OF PADVERKEERSTEKEN

- 17. Niemand mag 'n kennisgewingbord, padverkeersteken, skuiling, straatnaambord of ander soortgelyke teken of 'n skutting wat deur die munisipaliteit in 'n straat of openbare plek opgerig is, ontsier of beskadig nie.

STRAAT, HUIS-TOT-HUIS KOLLEKTES EN VERSPREIDING OF STROOIBILJETTE

- 18. (1) Niemand mag —

- (a) geld insamel of probeer insamel of op enige wyse behulpsaam wees met die insameling van geld; of

- (b) van huis-tot-huis kollekteer, bedel of aalmoese vra of invorder nie; of

- (c) 'n strooibiljet of soortgelyke advertensiemateriaal versprei of laat versprei in enige straat of openbare plek, of enige strooibiljet of soortgelyke advertensiemateriaal op of in enige voertuig plaas of laat plaas nie;

behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

- (2) Genoemde aansoeke kan ingedien word by die Departement van Sosiale Ontwikkelingsdienste van die munisipaliteit.

- (3) Goedkeurings moet ten alle tye getoon word aan relevante amptenare van die munisipaliteit.

UITGRAWINGS OP STRATE

- 19. Niemand mag in 'n straat of openbare plek 'n uitgraving maak of laat maak of 'n put, sloot of gat grawe of laat grawe nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

GIFSTOWWE OP OPENBARE PAAIE

- 20. Niemand, behalwe 'n amptenaar van die munisipaliteit of 'n gemagtigde persoon wat wettig goedgekeurde onkruidodders of gifstof toedien, mag gif of onkruidodders in 'n straat of openbare plek plaas, of gebruik nie.

OPTOGTE

21. Niemand mag—

- (1) 'n optog, of byeenkoms hou, organiseer, op tou sit of beheer of daadwerklik daaraan deelneem, of dans of sing of 'n musiek instrument bespeel, of enigiets doen wat waarskynlik 'n byeenskoms van persone of 'n verwarring of versperring van verkeer in sodanige straat of op openbare plek sal veroorsaak, of enige luidspreker of ander toestel vir die reproduksie of versterking van klank gebruik nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.
- (2) Iedereen wat van voornemens is om een of meer van die handeling in subartikel (1) beskryf, in enige straat of openbare plek te verrig of uit te voer, moet 'n skriftelike aansoek om toestemming daartoe indien, wat die munisipaliteit moet bereik minstens sewe dae voor die datum waarop dit die voorneme is om een of meer van sodanige handeling te verrig of uit te voer.
- (3) Alle persone wat van voornemens is om daadwerklik aan 'n optog, byeenkoms in enige straat of openbare plek deel te neem, hoef nie by die munisipaliteit om toestemming daartoe aansoek te doen nie indien die organiseerder, ondernemer of beheerder daarvan die toestemming van die munisipaliteit verkry het.
- (4) 'n Aansoek wat hierkragtens gedoen word, moet die volgende bevat —
 - (a) volledige besonderhede van die naam, adres en beroep van die aansoeker;
 - (b) volledige besonderhede van die straat of openbare plek waar en roete waarlangs dit die voorneme om een of meer van die handeling beskryf in subartikel (1) te verrig of uit te voer, die voorgestelde aanvangs en sluitingstyd van een of meer van voorgenoemde handeling en, in die geval van optogte, en byeenkomste, die getal persone wat na verwagting teenwoordig sal wees;
 - (c) algemene besonderhede en die doel van een of meer van voorgenoemde handeling wat die aansoeke van voorneme is om te verrig of uit te rig of uit te voer.
- (5) Enige aansoek wat ooreenkomstig subartikel (2) tot (4) ingedien word, moet deur die munisipaliteit oorweeg word, en indien een of meer handeling wat verrig of uitgevoer gaan word, nie teen openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees nie, moet die munisipaliteit 'n sertifikaat uitreik waarby toestemming en magtiging verleen word vir die verrigting of uitvoering van een of meer van sodanige handeling, onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit nodig ag vir die handhawing van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid.
- (6) Die munisipaliteit kan weier om toestemming te verleen vir die verrigting of uitvoering van een of meer van die handeling wat in subartikel (1) beskryf word, indien die verrigting of uitvoering van sodanige handeling of handeling na die mening van die munisipaliteit in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees.
- (7) Die munisipaliteit kan enige toestemming wat kragtens subartikel (1) verleen is, terugtrek indien hy, as gevolg van nadere inligting van mening is dat die verrigting of uitvoering van die betrokke handeling of handeling in stryd met die belang van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees.
- (8) Die bepaling van hierdie artikel is nie van toepassing nie op —
 - (a) optogte vir huwelike of begrafnisse;
 - (b) 'n byeenkoms of betoging soos beoog by die Wet op die **Reëling van Byeenkomste, 1993 (Wet 205 van 1993)**, in welke geval die bepaling van die betrokke wet van toepassing sal wees.

PERSONE MOET BEHOORLIK GEKLEE WEES

22. Niemand mag op straat of in 'n openbare plek verskyn sonder om geklee te wees op so 'n manier wat nie aanstoot veroorsaak vir ander lede van die publiek nie.

GEDRAG IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

23. Niemand mag in 'n straat of openbare plek —

- (a) slenter, staan, sit, lê of bedel nie, in verdagte omstandighede nie;
- (b) slaap of oornag of enige skuiling oprig nie;
- (c) klere, komberse of ander huishoudelike artikels was, skoonmaak of droogmaak nie;
- (d) skel, belegende, onweloweglike, dreigende of godslasterlike taal besig nie;
- (e) baklei of oproerig optree nie;
- (f) 'n vuurwapen, windbuks of windpistool afvuur nie;
- (g) tot ergernis of ongemak van enige ander persoon skreeu, gil of enige lawaai op watter wyse ook al maak nie;
- (h) homself was, ontlas of urineer nie;
- (i) met die oog op prostitusie of onsedelikheid iemand aanspreek of lastig val nie;
- (j) dobbelary beoefen nie;
- (k) bedwelkende drank of ander dwelmmiddels gebruik nie;
- (l) spuug nie;
- (m) dronk en oproerig wees op enige perseel waar drank verkoop word nie; of
- (n) dronk wees op enige straat of plek waartoe die publiek toegang het nie.

VERTONING VAN STRAATNOMMER VAN PLEKKE

24. (1) Die munisipaliteit kan by wyse van skriftelike kennisgewing aan die eienaar van enige perseel, voorskryf dat 'n nommer wat deur die munisipaliteit aan so 'n perseel toegeken is, op sodanige perseel vertoon moet word en die eienaar van sodanige perseel moet binne 30 dae na die datum van sodanige kennisgewing die toegekende nommer op die perseel aanbring.
- (2) 'n Nommer wat vertoon word soos beoog by subartikel (1) moet—
- op 'n opsigtelike plek op die perseel vertoon word en moet te alle tye sigbaar en leesbaar vanaf die aangrensende straat wees; en
 - deur die eienaar van die perseel vervang word so dikwels as wat dit uitgewis of geskend of onleesbaar vanaf die aangrensende straat is.

BRÛE EN OORGANGE OOR VORE EN SYPAADJIES

25. Geen private oorgang, voetpaadjie, brug of duiker mag na of voor 'n woning of ander perseel in 'n straat of op 'n openbare plek gemaak of gebou word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

BEHEER OOR VERMAAKLIKHEIDSVERTONINGS EN TOESTELLE

26. (1) Niemand mag 'n sirkus, draaimeule, mallemeule of ander byvertoning of toestel vir die vermaak of onspanning van die publiek in 'n straat of op 'n openbare plek oprig of gebruik nie —
- behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal; en
 - tensy geskikte sanitêre geriewe vir albei geslagte, sowel as die personeel aldaar verskaf is, en
 - as dit enigszins gevaarlik of onveilig vir die gebruik van publiek is.
- (2) 'n Gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit het vir inspeksiedoeleindes te alle redelike tye vrye toegang tot sodanige sirkus, draaimeule, mallemeule of ander byvertonings toestel.

BEHEER OOR VOERTUIE WAT DEUR DIERE GETREK WORD

27. Niemand mag —
- tergelykertyd meer as een voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat of openbare plek bestuur of beheer daarvoor hê nie; of
 - 'n voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat of openbare plek bestuur of beheer daarvoor hê nie, as hy onder die ouderdom van 16 jaar is; of
 - as hy in 'n straat beheer het oor 'n voertuig wat deur diere getrek word, iemand onder die ouderdom van 16 jaar toelaat om sodanige voertuig te bestuur of beheer daarvoor te hê nie; of
 - 'n voertuig wat deur diere getrek word in 'n straat of openbare plek uitspan of laat uitspan nie.

VOERTUIE MOET OPGEVAS WORD

28. Niemand mag in 'n straat of openbare plek in 'n voertuig slaap nie, behalwe in 'n motorvoertuig wat geparkeer is op 'n huurmotor of ander staanplek wat behoorlik deur die munisipaliteit aangewys is.

INFORMELE PARKEERBEDIENERS

29. Niemand mag in 'n straat, parkeerterrein of openbare plek optree as informele parkeerbediener sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderhewig aan die voorwaardes deur die munisipaliteit opgelê is nie.

SLUITING VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

30. (1) Niemand mag—
- enige straat sluit of openbare plek; of
 - toegang daartoe versper of beperk nie;
- behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.
- Die munisipaliteit kan enige straat of openbare plek permanent sluit of enige gedeelte van 'n straat of openbare plek sluit of verlê of toegang na 'n straat of openbare plek beperk.
 - Indien die munisipaliteit ingevolge subartikel (2) wil handel, moet daardie voorneme om dit te doen gepubliseer word in die plaaslike koerante in minstens twee amptelike tale.
 - Enige besware teen die voorgenome handeling moet binne 30 dae na datum van kennisgewing ingevolge subartikel (3) skriftelik by die Munisipale Bestuurder ingedien word vir voorlegging aan die Raad of 'n komitee of persoon aan wie bevoegdheid gedelegeer is om daarvoor te besluit.
 - Die munisipaliteit kan, sonder nakoming van die bepalinge van subartikel (2) tot (4) 'n straat of openbare plek tydelik sluit —
 - vir die doeleindes of in afwagting van die aanleg, heraanleg, onderhoud of herstel van sodanige straat of openbare plek;
 - vir die doeleindes of in afwagting van die bou, oprigting, aanleg, uitbreiding, onderhoud, herstel of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langsaan, op, dwarsoor, deur, oor of onder sodanige straat of openbare plek;

- (i) indien sodanige straat na die mening van die munisipaliteit in 'n toestand is wat gevaarlik is vir verkeer;
 - (ii) omrede van enige noodtoestand of openbare geleentheid wat na die mening van die munisipaliteit spesiale maatreëls vir die beheer van verkeer of spesiale voorsiening vir die akkommodasie van skares vereis, of
 - (iii) of vir enige rede wat in die opinie van die munisipaliteit die sluit van strate noodsaak.
- (c) tydelik 'n straat sluit in terms van subartikel (a).
- (6) Die Munisipale Bestuurder mag in sy diskresie die voorneme om 'n straat te sluit publiseer in die plaaslike koerant.

AANLEG, ONDERHOUD EN BENAMING VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

31. Die munisipaliteit kan binne sy resgebied —

- (a) strate en openbare plekke maak, aanlê, heraanlê, verander en onderhou;
- (b) strate en openbare plekke benoem en herbenoem;
- (c) nommers toeken en hertoeken aan eiendomme wat aan strate en openbare plekke grens.

VERKLARING VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

32. (1) Die munisipaliteit mag —

- (a) enige grond of grond gedeelte onder sy beheer tot straat, of enige straat of gedeelte daarvan tot 'n openbare plek verklaar;
 - (b) enige privaat straat of gedeelte daarvan tot openbare straat of enige plek of gedeelte daarvan tot openbare plek verklaar.
- (2) Indien die munisipaliteit ingevolge subartikel (1) wil handel, moet daardie voorneme om dit te doen; gepubliseer word in die plaaslike koerante in minstens twee amptelike tale.
- (3) Enige besware teen die voorgename moet binne 30 dae na datum van kennisgewing ingevolge subartikel(2) skriftelik by die Munisipale Bestuurder ingedien word vir voorlegging aan die Raad of 'n komitee of persoon aan wie bevoegdheid gedelegeer is om daarvoor te besluit.

STRAFBEPALING

33. Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of nalaat om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met —

- (1) 'n boete of gevangenisstraf, of sodanige boete of sodanige gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;
- (2) in die geval van 'n voordurende misdryf, met 'n addisionele boete, of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf of sodanige addisionele boete of sodanige addisionele boete en gevangenis-straf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, en
- (3) 'n verdere bedrag, gelykstaande aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

HERROEPING VAN VERORDENINGE

34. Die verordeninge gelys in die bylae hiertoe word hiermee herroep in die mate aangedui in die derde kolom daarvan.

KORT TITEL EN INWERKINGSTREDE

35. Hierdie verordening heet die Verordening insake Strate en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

BYLAE

VERORDENINGE VAN DIE AFGESKAFTE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH		
PN No.	Kort titel	Mate waarin herroep
PN 81/1935	Regulasies betreffende parkering op sy- of voetpaadjies	In geheel
PN 31/1953	Regulasies om te verbied dat sekere voertuie in sekere openbare paaie binne die munisipaliteit tot stilsand gebring word of staan	In geheel
PN 196/1959	Regulasies insake die beheer van huis-tot-huis kolleksies	In geheel
PN 561/1976	Verordening insake straatparkering	In geheel
PN 625/1976	Verordening vir die gerief van persone wat strate of openbare plekke gebruik	In geheel
PN 215/1988	Verordening insake strate	In geheel